Rommelverwydering, boomsloping en snoeiwerk, herspan van riempies meubels, ‘webbing’, meubelrestourasie en algemene herstelwerk. **Kontak Edith Fourie 082 789 0790**

Was ‘n Woef mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. On-twurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies. **Linda 084 344 7993**

Gesoek: 2 of 3 slaapkamer huis. Dierevriendelik. Sinoville, Montana, Annlin area. Ongeveer R 6000 p/m. **Kontak Linda 084 344 7993**

Vrystaat lamsvleis te koop: Heel lam—R120 p/kg. Vakuum verpak. Halwe lam—R125 p/kg. Vakuum verpak.
Los lam tjops (6 per pakkie) —R159 p/kg
Heel boud—R 139 p/kg
Ontbeende lamsrol—R189 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling

Oondgedroogte sekelbos te koop @ R 22 ‘n sakkie. Kontak **Dawid 078 500 7356** vir jou bestelling

CLE Finansiële Dienste FSP 12700 Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens. **Carel Hollenbach 082 901 2441**

R $ £ € FSP 589
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd. **SA Batebestuur 012 567 7657**

GEBEDSBRIEF

Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

21 November 2021

Besoek ons WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte- en verrykende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Dr Nelius Steyn Nagmaal 09:00	Is jy ‘n Navolgings-waardige voorbeeld?	1 Korintiërs 11:1 Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.
Dr Erika van Tonder Nagmaal Soetdoring 09:00	God se daad van liefde	Markus 6:37 Maar Hy sê vir hulle: “Gee julle vir hulle iets om te eet.”
Ds Elané Sassen-berg	18:00 Overkruin Kerkgebou	Gesamentlike Kerssangdiens Wonderboom en Overkruin

Kategese: Daar is nie vandag kategese nie.
Siekes: Nora Wallis en Elma van Niekerk.
Beterskap: Wikie Cronjé.
Baie Geluk aan Johan Oberholzer en Elektra Koutina wat gister in die huwelik getree het! Bemin mekaar met die liefde wat die Here gee en vra!!!

Kerssangdienste

Kerstyd kom nader en dit is tyd vir ons jaarlikse Kerssangdienste. Baie dankie aan elkeen wat die Kerssangdiens laas Sondag by Soetdoring moontlik gemaak het. Dit was voorwaar 'n belewenis!

Vanaand, 21 November hou Wonderboom en Overkruin 'n gesamentlike Kerssangdiens om 18:00 by Overkruin Gemeente—Kameeldoringlaan 65. Ds. Elané Sassenberg lei die erediens. Almal is welkom!

En volgende Sondagaand 28 November hou ons (Wonderboom) Kerssangdiens om 18:00 met die tema: **SOLI DEO GLORIA!** AAN GOD ALLEEN DIE EER!!!. Kom geniet hierdie Kerssangdienste saam met ons!

Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na ngwonderboom@gmail.com.

Wonderboom Senior Aksie
Dankie aan die WSA se bestuur wat die heerlike kuier saam met Ryan Walt en Steven Sterling moontlik gemaak het. Ryan is 'n uitstekende panfluitspeler en Steven 'n puik sanger, akteur en MC. Bespreek hulle gerus by 082 412 0535 / 082 319 3407.

CORONA GEBED:
Bid vir ons land en wêreld: Ons is in Fase 1 van inperking. Erediense is oop en word uitgesaai. 256 439 979 mense het wêreldwyd die virus gekry. 231 652 347 (90.33%) het gesond geword en 5 149 792 (2,01%) gesterf. 4 138 931 713 [52.56%] van die wéreld is ten volle inge-ent.

In Suid-Afrika het 2 927 499 mense dit gekry, 89 555 (3,06%) gesterf en 2 820 613 (96,35%) gesond geword. Daar is reeds 24 346 905 inentings in RSA gedoen. 2 806 672 mense gedeeltelik en 13 673 027 volledig. 27.5% van ons bevolking. Stats Vry 19/11/2021 11:00 @ Covid /Vac Visualizer.

Liefdesgawes

Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee! Ons gemeente het elke sent nodig en u danoffers word waardeer. U kan u dankoffer EFT of met Zapper skandeer of in 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is: NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville Tak 632005.

Barmhartigheid

Daar is **Kersbokse** by die deure beskikbaar. Neem daarvan en vul dit as gesin of vriendekring met die kruideniersware soos op die deksel aangedui. Bring dit asb. voor/op 12 Des terug sodat ons dit aan hulp-behoewendes kan versprei.